## VERSOEK OM DEELNAME

Statistieke SA (SSA) doen ‘n vriendelike beroep op boerdery Gemeenskappe om veldwerkers vir die komende Gemeenskapsopname projek (2007) op hulle persele toe te laat. Buiten dat hulle hul pligte sal uitvoer, sal die veldwerkers ook verseker dat boerdery gemeenskappe ‘n beter begrip kry van wat die Gemeenskapsopname projek, sowel as die steekproef opname wat daarmee gepaard gaan, behels. Op die wyse sal gemeenskappe verstaan waarom hulle deelname aan die bogenoemde projek noodsaaklik is om die regering en sakesektore in staat te stel om beter insig aangaande lewensomstandighede in Suid-Afrika te verkry.

# Gemeenskap Opname 2007

## Veldwerk Aktiwiteite

Veldwerk aktiwiteite behels publisiteit aangaande die opname aan alle belangegroepe oor die tydperk 15 Januarie tot 28 Februarie 2007, sowel as die insameling van data vanaf 7 tot 28 Februarie 2007. Alle geselekteerde woonhuise (huishoudings) kan 'n besoek van ‘n beampte werksaam by SSA gedurende genoemde tydperk verwag. Die publiek word versoek om begrip te hê en verdraagsaam te wees aangesien hulle samewerking en deelname tot voordeel van die land is.

## Die Wet op Statistieke

Statistieke SA is 'n regeringsdepartement wat kragtens die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No.6 van 1999), regtens gemagtig is om vir statistiese doeleindes inligting te versamel van die Suid-Afrikaanse publiek. Artikel 15 van die Wet verskaf breedweg die vereistes wat betref toegang tot persele deur ‘n beampte werksaam by SSA en artikel 16 handel oor die publiek se wetlike plig om vrae te beantwoord wat verband hou met die opname.

Statistics South Africa
Preferred supplier of quality statistics

www.statssa.gov.za
Tel: (012) 310-8600